# ‘N GROOT STEM SOOS VAN ‘N BASUIN

Die blaas van die laaste basuin hou o.a. verband met die eerste opstanding en wederkoms wat ‘n toekomstige tydperk is waarna ons as Gelowiges uitsien, maar dis ‘n proses om daar te kan uitkom. Om die groter prentjie in hierdie verband te kan verstaan moet ons gaan kyk hoe die sewe basuine van Openbaring geanker is in die Torah en wat Paulus vir ons dan op grond daarvan na vore gebring het en dit dan weer vergelyk met dit wat JaHUsha kom “openbaar” het aan Johannes daar op Patmos.

Die boek van Openbaring hou verband met Daniël in die Ou Testament. In Daniël se laaste hoofstuk word melding gemaak van die opstanding uit die dood, maar Dan. 12:4, 9 sê dat die woorde verseël moes word tot die einde toe. Johannes het op Patmos die “openbaring” van dit wat verseël was vanaf JaHUsha gekry.

> Open 1:1 Die **openbaring** *(apokalupsis, G602)* van JaHUsha Messias wat Elohiem Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur ...

Die Griekse woord “apokalupsis” beteken “ontsluiting, openbaring”. Dan. 12:10 beloof dat die verstandiges sal verstaan en so wil ons graag meer verstaan oor die blaas van die laaste basuin en die opstanding uit die dode soos wat JaHUsha dit ook uitgelig het vir Sy dissipels toe Hy nog op die aarde was.

> Matt 24:31 En Hy sal sy engele uitstuur **met harde trompetgeluid**, en hulle sal **Sy uitverkorenes versamel** uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Wanneer ons dan wil weet wat met hierdie “harde trompetgeluid” en ook met “die blaas van die laaste basuin” bedoel word wanneer die eerste opstanding sal plaasvind en diè wat nog lewe “versamel” sal word, moet ons kyk watter ander aspekte hou almal verband met diè onderwerp.

Open. 1:10 is ‘n kernvers en van daar af gaan ons dit anker met die Torah in Exodus en vanaf Exodus weer terug na Genesis asook weer vorentoe toe in die Nuwe Testament soos wat dit oplyn met Heb. 12 en met die verwante inligting uit Paulus se briewe *(en onthou dat Paulus ‘n student van die Torah was, Hand. 22:3)*, maar ons begin eers by Open. 1:10 as ‘n kernvers.

> Open 1:10 Ek was in die Gees op die dag van JaHUaH, en ek het agter my **‘n groot stem** gehoor, **soos van ‘n basuin** ...

Dit was JaHUsha se **Groot Stem** wat **soos ‘n basuin is** en dit neem ons terug na Ex. 19 en 20 waar ons vir die eerste keer lees van ‘n basuin wat blaas wat gepaard gaan met JaHUaH se stem.

Ex. 19 en 20 het gebeur nadat die volk uit Egipteland verlos is en by Sinai te staan gekom het waar JaHUaH ‘n verbond met die volk gesluit het en Hy hulle toe ‘n “afgesonderde nasie” en ‘n “**koninkryk** van priesters” genoem het, Ex. 19:5 – 6.

## DIE KONINKRYK, DIE BASUIN, DIE STEM EN DIE VERBONDSLUITING BY SINAI

Berge in die Skrif is tipes van koninkryke.

Die berg Sinai is ‘n besonderse plek in die geskiedenis van Israel want dis waar JaHUaH ‘n verbond met Israel gesluit het ten opsigte daarvan om ‘n afgesonderde nasie vir Hom te wees asook ‘n Koninkryk, ‘n Koninkryk van priesters.

Dis ook daar waar Moses die opdrag gekry het om die Tabernakel te bou as ‘n afbeelding van die Hemelse tabernakel (Ex. 25:40, Heb. 8:5). Die Tabernakel het JaHUaH se teenwoordigheid binne die mens se bereik gebring nà die sondeval en die uitbanning uit die Tuin uit.

Stel jouself voor hoedat mens die Tabernakel kop en punt sou draai soos ‘n leer, sodat die Buitehof waar die offerandes plaasvind aan die aarde raak en die Allerheiligste waar JaHUaH se teenwoordigheid is aan die hemel raak. Die Allerheiligste is waar JaHUaH tussen die gerubs troon op die Verbondsark waarin die Tafels van die Getuienis is (Ex. 25:21 – 22, Ps. 80:2, Ps. 99:1) en dis die **eindbestemming** van ons geestelike reis deur die geestelike Tabernakel in die hemel totdat daar geen tabernakel/tempel meer nodig is nie, Open. 21:22.

Hier by Sinai gaan ons nou eers kyk hoe al hierdie geselekteerde aspekte met mekaar verband hou in die lig van die onderwerp van “die Laaste Basuin wat blaas”.

Die volk het laer opgeslaan teenoor die berg Sinai en Moses het opgeklim en duidelike instruksies gekry by Elohiem omdat JaHUaH met Israel as ‘n volk ‘n **Verbond** daar gesluit het, want sedert Egipte het Jakob se 12 seuns ontpop as die twaalf stamme van Israel *(... “verkondig aan die **huis van Jakob** sê en aan die **kinders van Israel**, Ex. 19:3”).*

Die verbondsooreenkoms was nie sonder voorwaarde nie want hulle moes instem om na JaHUaH “**se stem**” te luister.

> Ex 19:5 As julle dan nou terdeë **na My stem luister** en **My verbond** *(b’rith, H1285)* hou, sal julle **my eiendom** *(peculiar treasure, KJV, H5459 = segullah)* uit al die volke wees, want die hele aarde is myne.
> Ex 19:6 En júlle sal vir My ‘n **koninkryk** van priesters en ‘n **afgesonderde nasie** wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.

Die “luister na **Sy stem**” sinspeel op ‘n persoonlike Verhouding. ‘n “Aangesig-tot-aangesig” ervaring soos wat Jakob in Gen. 32 gehad het met Elohiem toe hy daar “Israel” geword het en die plek Pniël genoem het *(“gesig” is “paniem” in Hebreeus en “Pniël” beteken “die Aangesig van El”).*

Dis wat die luister na Sy stem behels het ... dit was so ‘n aangesig-tot-aangesig ontmoeting tussen JaHUaH en die Volk Israel waartydens die Tien **Woorde** (wat ons ken as Tien Gebooie) tot stand gekom het as ‘n **Getuienis** van hierdie ooreenkoms tussen die twee partye, naamlik die Twee Tafels van die Getuienis.

> Ex 31:18 En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die **twee tafels van die Getuienis** gegee, tafels van klip, **beskrywe met die vinger van Elohiem**.

> Ex 32:15 En Moses het omgedraai en van die berg afgeklim, met **die twee tafels van die Getuienis** in sy hand, tafels wat op altwee kante beskrywe was; hulle was op die een en op die ander kant beskrywe.
> Ex 32:16 En die **tafels was die werk van Elohiem**. Die skrif was ook **die skrif van Elohiem**, in die tafels gegraveer.

Israel het **ingestem** tot die ooreenkoms/verbond en gesê **dat hulle sal luister**. Tot hier toe was Moses nog die hele tyd 'n tussenganger tussen die Volk en JaHUaH.

> Ex 19:8 Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: **Alles** wat **JaHUaH gespreek** het, **sal ons doen**. En Moses het die woorde van die volk aan JaHUaH oorgebring.

Maar JaHUaH wou 'n direkte verhouding met die Volk hê. Hy wou direk en persoonlik met die Volk praat, nie meer deur Moses as 'n bemiddelaar nie. Om in Sy teenwoordigheid te mag kom is 'n ernstige saak en daarom is baie streng voorwaardes in vers 10 – 13 gegee as voorbereiding om hulle vir 3 dae te reinig en af te sonder vir die "aanhoor van Sy stem". As die ramshoring na die drie dae van afsondering **lang geluide blaas** moes hulle dan die berg nader, Ex. 19:13.

Dit het toe so gebeur en die **geluid van die basuin** het gemanifester deur **sterker en sterker** te word. Die Volk kon JaHUaH se stem ook nou hoor want Hy het "hardop geantwoord", maar dit wat met JaHUaH se stem gepaard gegaan het was vir die volk 'n skrikwekkende ervaring.

> Ex 19:16 En op die derde dag toe dit môre word, was daar **donderslae en blitse** en 'n **swaar wolk** op die berg en die geluid van 'n baie sterk basuin, **sodat die hele volk wat in die laer was**, **gebeef het**.
>
> Ex 19:19 Toe die geluid van die basuin **sterker en sterker** word, het Moses gespreek, en Elohiem het hom telkens **hardop** geantwoord *(answered him by **a voice**, H6963 - KJV).*

Wat hier met "hardop antwoord" vertaal is, is in Engels "answered him by **a voice**". "Voice" is Strong's H6963 wat in Hebreeus "Qol" is.

Qol/Kol is die Hebreeuse woord vir "stem" maar het o.a. ook die betekenis van "**donder**" en dis hoe die volk JaHUaH se Stem ervaar het ... as donderslae en blitse en 'n aardbewing. Dawid het ook in Ps. 29 JaHUaH se magtige stem probeer beskryf.

> Ps 29:3 Die stem van JaHUaH is op die waters, die Elohiem van eer **donder**; JaHUaH is op die groot waters.
> Ps 29:4 Die stem van JaHUaH is **met krag**; die stem van JaHUaH is **met heerlikheid**.
> Ps 29:5 Die stem van JaHUaH **breek seders**; ja, JaHUaH **verbreek die seders van die Líbanon**;
> Ps 29:6 en Hy laat hulle **opspring soos 'n kalf**, die **Líbanon en Sirjon soos 'n jong buffel**.
> Ps 29:7 Die stem van JaHUaH **slaan daar vuurvlamme uit**.
> Ps 29:8 Die stem van JaHUaH laat **die woestyn bewe**; JaHUaH laat die woestyn van Kades bewe.
> Ps 29:9 Die stem van JaHUaH laat die **takbokke lam** en **maak die bosse kaal**; maar in sy paleis sê elkeen: Heerlikheid!

Soos JaHUsha se Groot Stem vir Johannes soos 'n Basuin was in Open. 1:10, so vergelyk **JaHUaH se stem** dan met die "sterker en sterker" word **van die basuin** wat mens dan weer kan vergelyk met die Basuine van Openbaring wat oploop (sterker word) vanaf 1 na 7 en dan met die blaas van die sewende basuin kom daar dan ook hierdie soortgelyke skrikwekkende ervaring van iets soos 'n natuurramp voor toe 'n **Groot Stem** gesê het "Kom op hierheen" in Open. 11. Dit wat daarna beskryf word klink soos 'n vreesaanjaende ervaring en het te doen met die **manifestering van JaHUaH se koninkryk** oor al die koninkryke van die wêreld.

Hmmm ... ons registreer ‘n paar kernwoorde en begrippe hier by Sinai wat ons ook raaklees in Open. 11, nl. Koninkryk, die Groot Stem, Basuin wat blaas, donderslae en blitse en ‘n aardbewing.

> Open 11:12 En hulle het **‘n groot stem uit die hemel** vir hulle hoor sê: **Kom op hierheen**! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou.
> Open 11:13 En in dié uur het daar ‘n **groot aardbewing** gekom, en ‘n tiende van die stad het geval, en sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die Elohiem van die hemel heerlikheid toegebring.
>
> Open 11:15 En die sewende engel het geblaas, en daar was **groot stemme** in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die **eiendom** *(kingdoms, KJV)* van ons Meester geword en van sy Gesalfde (Messias), en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

Dit was met hierdie Groot Stem wat JaHUaH toe in Ex. 20:2 – 17 Sy Tien Woorde uitgespreek het wat ons ken as die Tien Gebooie. Die Hebreeus is “aseret ha-d'varim” wat letterlik vertaal word as die “tien woorde”. “Devar” is “woord” in Hebreeus, Strong’s H1697 en “d’varim” is die meervoud.

> Ex 34:28 En hy was daar by JaHUaH veertig dae en veertig nagte; hy het geen brood geëet en geen water gedrink nie. En Hy het op die tafels **die woorde van die verbond**, die **tien woorde**, geskrywe.

Die Twee Tafels is ‘n Getuienis (Ex. 24:12) van die wedersydse verbondsluiting en dit is dìt wat binne-in die Ark van die Verbond geplaas moes word.

Maar die Volk was so bevrees vir dit wat hulle ervaar het en het gevra dat JaHUaH **nie weer direk met hulle moet praat nie**, maar liewer deur Moses en Hy het hulle gegee wat hulle wou hê. Hulle sien m.a.w. nie kans vir die direkte kontak met JaHUaH nie, dit was te skrikwekkend vir hulle, maar dit het Sy grootheid en almag aan hulle gedemonstreer (iets wat wêreldwyd weer ervaar sal word). Moses moes nou weer die middelaar of tussenganger tussen JaHUaH en die volk wees en so het JaHUsha ook in die Nuwe Verbond gekom as ons Middelaar of Tussenganger (vergelyk Deut. 18:15 – 18 en Heb. 8:6, Heb. 9:15, Heb. 12:24, Gal. 3:19 – 20, 1 Tim. 2:5).

> Ex 20:18 En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en **gebewe en op ‘n afstand bly staan**.
> Ex 20:19 En **hulle het vir Moses gesê**: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar **laat Elohiem nie met ons spreek nie**, anders sterwe ons.
> Ex 20:20 Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want Elohiem het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie.
> Ex 20:21 So het die volk dan op ‘n afstand bly staan. Maar Moses het nader gegaan na die wolkedonkerheid waar Elohiem was.

JaHUaH wou ‘n direkte verhouding gehad het, maar nou sou dit deur ‘n tussenganger moet gebeur maar net **TOTDAT ...** die laaste basuin weer gehoor sal word (soos dit was by Sinai in Ex. 19) asook die “Kom op hierheen”.

Daar kan die Verbondsark met die Tien Woorde daarin (as ‘n Getuie van Verbondsluiting) dan weer gesien word in die Hemelse Tabernakel in Open. 11 en weereens het weerligte, stemme, donderslae, aardbewing en selfs groot hael daarmee gepaard gegaan soortgelyk aan wat die volk by Siani beleef het. ‘n Kringloop

is basies nou voltooi en die direkte verhouding is herstel want die Verbondsark se inhoud behels die persoonlike "verhoudingsaspek" soos dit opgesom is deur JaHUsha in Matt. 22:37 – 40.

> Open 11:19  En die tempel van Elohiem het in die hemel oopgegaan, en **Sy Verbondsark** is in Sy tempel **gesien**, en daar was **weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael**.

**DIE AANGESIG-TOT-AANGESIG VERHOUDING**

Van die begin af was die Mens in 'n aangesig-tot-aangesig verhouding met JaHUaH. Adam en Eva het met Elohiem in die Tuin gewandel, Gen. 3. Maar daardie verhouding is verbreek nadat hulle ongehoorsaam was aan JaHUaH se **stem**.

Die eerste plek waar ons lees van die **Stem van JaHUaH**, waar die woord "Qol/Kol" (H6963), gebruik word soos in Ex. 19, is in Gen. 3 waar Adam en Eva wegkruip vir JaHUaH en Hy hulle roep. Hulle het hulle **verberg van Sy aangesig**.

> Gen 3:8  En hulle het **die stem** *(H6963)* van **JaHUaH** Elohiem gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en die mens en sy vrou het hulle **verberg vir die aangesig van JaHUaH Elohiem** tussen die bome van die tuin.

Wen nou vinnig vorentoe na Sinai. Daar was ook die Stem waarna hulle moes luister en anders as Adam en Eva was die volk op daardie stadium bereid om te luister en het hulle eenparig gesê: "Alles wat JaHUaH gespreek het, sal ons doen".

Dìt het die **oprigting van die Koninkryk** van Israel as JaHUaH se volk as 'n fisiese Israel **meegebring** en al die gebeure daar dien ook as 'n voorbeeld vir ons wat op die eindes van die eeue gekom het (1 Kor. 10:11) vir wanneer **die Koninkryk van Elohiem gaan manifesteer vir Geestelike Israel**.

Die Verbond met fisiese Israel het in die Nuwe Verbond oorgevloei vanaf "kliptafels" na "tafels van die hart" (2 Kor.3) vir Geestelike Israel, naamlik almal wat in JaHUsha is.

Daarom word daar in Heb. 12 beskryf hoedat daar nog eenmaal so 'n gebeurtenis sal wees soos wat daar by Sinai was, maar dat dit die manifestasie van die Koninkryk van die Hemel behels, wat die onverganklike Koninkryk van Elohiem is. Die fisiese bestel soos ons dit ken is wankelbaar en verganklik en sal vergaan sodat die geestelike kan manifesteer.

Op die oomblik is die mens tweeledig, beide fisies en geestelike. Al het ons fisiese liggame, is ons geestelike mens in hemelse plekke omdat ons in JaHUsha is (Ef 2:6), maar ons liggame is 'n tydelike en verganklike tentwoning net soos wat die aarde ook verganklik is.

> 2 Kor 5:1  Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van Elohiem, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele.
> 2 Kor 5:2  Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word,
> 2 Kor 5:3  as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie.
> 2 Kor 5:4  Want ons wat nog in die tent is, sug en voel beswaard, omdat ons liewer nie ontklee nie, **maar oorklee** wil word, sodat **die sterflike deur die lewe verslind kan word**.

> 2 Kor 5:5  Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is Elohiem, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het.
> 2 Kor 5:6  Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Meester uitwoon.
> 2 Kor 5:7  Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.
> 2 Kor 5:8  Maar ons het goeie moed en **verkies om liewer uit die liggaam uit te woon** en by die Meester in te woon.

Om "**oorklee te word**" en om die "**sterflike deur die lewe te laat verslind**" en om "**by die Meester te kan inwoon**" sal kan gebeur wanneer "**'n stem roep**" met "**die basuin wat sal blaas**", soos dit was by Sinai toe JaHUaH neergedaal het op die berg (Ex. 19:16 – 20).

> Ex 19:16  En op die derde dag toe dit môre word, was daar **donderslae en blitse** en **'n swaar wolk** op die berg en **die geluid van 'n baie sterk basuin**, sodat die hele volk wat in die laer was, **gebeef het**.
> Ex 19:17  Daarop het Moses die volk uit die laer gelei **om Elohiem te ontmoet**, en hulle het gaan staan by die voet van die berg.
> Ex 19:18  En die **hele berg Sinai het gerook**, omdat **JaHUaH in 'n vuur daarop neergedaal het**. En sy rook het opgetrek soos die rook van 'n oond, en **die hele berg het vreeslik gebewe**.
> Ex 19:19  **Toe die geluid van die basuin sterker en sterker word**, het Moses gespreek, en **Elohiem het hom telkens hardop geantwoord**.
> Ex 19:20  Terwyl **JaHUaH op die berg Sinai neerdaal**, op **die top van die berg**, het JaHUaH Moses na die top van die berg geroep, en Moses het opgeklim.

Vergelyk dit nou eers net met die bekende 1 Thess. 4:16 voordat ons kom by die ander gedeeltes wat Paulus ook neergeskryf het.

> 1 Thess 4:16  Want **die Meester** self sal van die hemel neerdaal **met 'n geroep**, met **die stem** van 'n aartsengel en met **geklank van die basuin van Elohiem**; en die wat in Messias gesterf het, sal eerste opstaan.

Dit is dan hieraan wat Rom. 8 en Heb. 12 ook konnekteer wat ons verdere insig gee oor waar ons ons geestelik bevind wanneer ons die geboortepyne voel van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat te voorskyn wil kom, want dit moet "nog een maal" gebeur volgens Heb. 12:27.

**NOG EEN MAAL**

Nog een maal gaan die aarde bewe soos by Sinai as die Groot Stem soos van 'n Basuin gehoor gaan word wanneer nie net die aarde nie, maar ook die hemel gaan bewe sodat die verganklike vervang kan word met die onverganklike koninkryk van Elohiem.  *[Terloops, dit bring ons ook weer terug na Esau wat sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop het wat Israel geword het wat JaHUaH se eersgebore seun is (Ex. 4:22), want soos wat fisiese Israel hulle destyds by die berg Sinai bevind het sal daar aan die einde van hierdie era ook die manifestasie wees van die Gemeente van Eersgeborenes.]*

> Heb 12:18  Want julle het nie gekom **by 'n tasbare berg nie** en 'n **brandende vuur** en **donkerheid** en **duisternis** en **storm**
> Heb 12:19  en **basuingeklank** en **die geluid van woorde** waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie—

Heb 12:20  want hulle kon die gebod nie verdra nie: selfs as ‘n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met ‘n pyl neergeskiet word.
Heb 12:21  En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder.
Heb 12:22  Maar **julle het gekom by die berg Sion** en die **stad van die lewende Elohiem**, die **hemelse Jerusalem** en tien duisende engele,
Heb 12:23  by die feestelike vergadering en **die gemeente van eersgeborenes** wat in die hemele opgeskrywe is, en by Elohiem, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,
Heb 12:24  en by **JaHUsha, die Middelaar** van die Nuwe Testament *(Verbond*), en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.
Heb 12:25  Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde ‘n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat **Hy uit die hemele spreek**.
Heb 12:26  **Toe het sy stem die aarde geskud**; maar nou het Hy belowe en gesê: **Nog een maal** laat Ek nie alleen die aarde nie, **maar ook die hemel bewe**.
Heb 12:27  En hierdie woord: **nog een maal**, wys duidelik op die **verandering** van die **wankelbare** dinge as **geskape dinge**, sodat die **onwankelbare kan bly**.
Heb 12:28  Daarom, omdat ons ‘n **onwankelbare koninkryk ontvang**, laat ons dankbaar wees, en so Elohiem welbehaaglik dien met eerbied en vrees.
Heb 12:29  Want ons Elohiem is ‘n verterende vuur.

Paulus het ook in Rom. 8 hierdie “nog een maal” beskryf wanneer die mens en die skepping getransformeer sal word na die geestelike soos wat met JaHUsha gebeur het toe Hy opgestaan het uit die dood *(... net vir duidelikheid ... die transformasie na die geestelike word in die Woord dikwels beskryf as “verheerliking” of “heerlikheid”).*

Rom 8:18  Want ek reken dat die **lyding van die teenwoordige tyd** nie opweeg teen die **heerlikheid** wat aan ons **geopenbaar** sal word nie.
Rom 8:19  Want die **skepping wag** met reikhalsende verlange op die **openbaarmaking** van die kinders van Elohiem.
Rom 8:20  Want die skepping is aan die **nietigheid onderworpe** nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het
Rom 8:21  in die hoop dat ook die **skepping self vrygemaak sal word** van die **slawerny van die verganklikheid** tot die **vryheid van die heerlikheid** van die kinders van Elohiem.
Rom 8:22  Want ons weet dat die hele **skepping** tesame **sug** en tesame in **barensnood** is tot nou toe.
Rom 8:23  En nie alleen dit nie, maar **ons self ook** wat die **eerstelinge van die Gees** het, **ons sug** ook in onsself **in afwagting** van die **aanneming tot kinders**, naamlik **die verlossing van ons liggaam**.

Diè transformasie gebeur dan met die blaas van die laaste basuin.

1 Kor 15:50  Maar dit verklaar ek, broeders, dat **vlees en bloed** die koninkryk van Elohiem **nie kan beërwe nie**; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.
1 Kor 15:51  Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal **verander word**,
1 Kor 15:52  in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, **by die laaste basuin**; want **die basuin sal weerklink**, en die dode sal onverganklik opgewek word; en **ons sal verander word**.

> 1 Kor 15:53  Want hierdie verganklike moet **met onverganklikheid beklee word**, en hierdie sterflike moet met **onsterflikheid beklee word**.
> 1 Kor 15:54  En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: **Die dood is verslind in die oorwinning**.

Dis waar Open. 11 se beskrywing van die blaas van die sewende en laaste basuin dan begin sin maak as die Koninkryk van die Hemel wat **manifesteer** en die verganklike aarde wat in slawerny was dan getransformeer word na die onverganklike en onwankelbare, **op grond van die Verbond wat gesluit was** om sodoende weer van aangesig-tot-aangesig met JaHUaH te kan wees soos wat dit in Gen. 3 eers was. Dit is so omdat daar binne-in die Verbondsark die Twee Tafels van Getuienis is wat ons mos nou gesien het dat dit die Verhoudingsaspek tussen JaHUaH en Sy volk behels (Bruidegom en Bruid), 'n verbond wat JaHUsha kom "nuut maak het" en wat ons ken as die Nuwe Testament of Nuwe Verbond (Jer. 32:40, Jer. 31:33, Heb. 10:16) wat gegrond was op die verbond met Abraham, Isak en Jakob. Dit is die Ewige Verbond.

So was Ex. 19/20 geskiedkundig en ook profeties want as die tempel in die hemel oopgaan met die blaas van die laaste en sewende basuin, lees ons weer van die manifestasie van weerligte, stemme, donderslae en aardbewing en ook groot hael ... soos dit was toe die basuin al "sterker en sterker" geblaas het in Ex. 19. Dit gebeur saam met die "Kom op hierheen" in Open. 11 wat ons weereens herinner aan 1 Thess. 4:16 – 17.

> Open 11:12  En hulle het 'n **groot stem uit die hemel** vir hulle hoor sê: **Kom op hierheen**! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou.
>
> Open 11:15  En **die sewende engel het geblaas**, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van ons Meester geword en van sy Gesalfde, en **Hy sal as Koning heers** tot in alle ewigheid.
>
> Open 11:19  En die **tempel van Elohiem** het **in die hemel oopgegaan**, en sy **Verbondsark** is in sy tempel gesien, en daar was **weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael**.
>
> 1 Thess 4:16  Want die Meester self sal van die hemel neerdaal **met 'n geroep**, met **die stem** van 'n aartsengel en met **geklank van die basuin van Elohiem**; en die wat in Messias gesterf het, sal eerste opstaan.
> 1 Thess 4:17  Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle **in wolke weggevoer word** die Meester tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Meester wees.

**OPSOMMING**

Kom ons som net eers vinnig op voordat ons na die slottoneel kyk.

Die "Groot Stem soos van 'n Basuin" sal ons weer van "Aangesig-tot-aangesig" bring met ons Skepper aan die einde van hierdie bedeling en dan sal die verganklike fisiese bedeling van hierdie aarde wat ontstaan het a.g.v. die sondeval d.m.v. 'n proses 'n transformasie ondergaan na die onverganklike en onwankelbare bedeling, terwyl die mens wat uit die stof van die aarde geskape is, dan diè transformasie ook sal ervaar en so dan in staat sal wees om die Ewige Lewe te verkry in die Koninkryk van Elohiem.

So ‘n oorgang van een era na ‘n ander beteken dat eersgenoemde afgebreek moet word (net soos wat ons fisiese liggame sal vergaan) maar in dieselfde proses vind die opbou van laasgenoemde plaas. So iets sal nie ongemerk gebeur nie, maar dit sal ‘n oorweldigende ervaring wees wat sal eindig met lofgesang voor die Troon deur die verseëldes van die Israel van Elohiem (Gal. 6:15 – 16, Open. 7).

Daar is nie werklik ‘n vergelyking wat goed genoeg is nie, maar stel jou voor hoedat ‘n baie hoë gebou moet inplof en gesloop word om plek vir ‘n nuwe gebou te maak wat op dieselfde plek opgerig gaan word. Om dan so ‘n transformasie te beleef wat die aarde betref kan vergelyk met ‘n groot verdrukking wat deurgegaan word (Open. 7:16 – 17) en daarom verseël JaHUaH eers die wat Syne is in Open. 7, maar dis nog nie die uitstorting van JaHUaH se toorn nie. Ons is nie bestem vir die toorn nie, dit kom net ‘n bietjie later.

**SLOTTONEEL**

Die verlostes voor die Troon het as Verseëldes die proses deurloop vanaf “die afbreek van die oue”, tot by die punt van “die oprigting van die nuwe” en behoue daardeur gekom wat hulle ‘n lofsang laat sing en dìs die wenstreep wat ons ons oog moet op hou as ons sien wat in die wêreld aangaan.

> Open 7:9 Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was ‘n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;
> Open 7:10 en hulle het met ‘n groot stem geroep en gesê: Heil aan ons Elohiem wat op die troon sit, en aan die Lam!
> Open 7:11 En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en Elohiem aanbid en gesê:
> Open 7:12 Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan ons Elohiem tot in alle ewigheid! Amen.
> Open 7:13 Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?
> Open 7:14 En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.
> Open 7:15 Daarom is hulle voor die troon van Elohiem en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.
> Open 7:16 Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie;
> Open 7:17 want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en Elohiem sal alle trane van hulle oë afvee.
>
> Open 14:1 En ek het gesien, en kyk, **die Lam** staan **op die berg Sion**, en **saam** met Hom **honderd vier en veertig duisend** met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.

Die Lam en die 144 000 bymekaar, van aangesig-tot-aangesig op die berg ... die kringloop is voltooi.

Met die verseëldes nou op ‘n veilige plek, stort JaHUaH dan daarna Sy toorn uit **op die Verderwers** wat die aarde verderf wat die verdere verloop van die 7 skale ook insluit en dit is dan min of meer alles wat gepaard gaan met die aanhoor van “die Groot Stem soos van ‘n basuin” (Open. 1:10).

Open 11:16  En die vier en twintig ouderlinge wat voor Elohiem op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en Elohiem aanbid en gesê:
Open 11:17  Ons dank U, JaHUaH Elohiem, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en **as koning** geheers het.
Open 11:18  En die nasies was vertoornd, en **U toorn het gekom** en **die tyd van die dode om geoordeel te word** en om **die loon te gee aan u diensknegte**, die profete, en aan die afgesonderdes en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, **en om die verderwers van die aarde te verderf**.

Bemoedig mekaar dan en bou die een die ander op met hierdie voortuitsig van ons eindbestemming voor die troon, want ons is vreemdelinge en bywoners op hierdie aarde.  Soos Totius gesê het ... die wêreld is ons woning nie.

0-0-0-0-0

AndriYaH
Mei 2020